

22 Januarie

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2
Fokusgedeelte: Hebreërs 2:1-4**

Gryp vas aan die lewegewende woorde van die Seun

Jesus is die Seun van God deur Wie die saligheid bekend gemaak is. Dit is die hoofsaak wat in Hebreërs geleer word. In sy woorde hoor ons God se stem. Daar is geen ander woorde wat belangriker is nie, selfs nie die wet wat deur God se engele vir Moses gegee is nie (Gal 3:19). Die wet was baie belangrik. Wie dit verontagsaam het is deur God gestraf. Hoe belangrik die engele se boodskap ook al was, hulle was slegs engele.

Die woorde van Jesus is soveel belangriker, want Hy is die Seun van God!

Die eerste lesers van die brief was goed bekend met die Ou-Testamentiese godsdiens waarin God volgens die wette van Moses gedien is. Jesus het egter die ware betekenis van die wet kom bekend maak. Die saligheid kan nie deur die slaafse nakoming van die wet verkry word nie. Selfs net een oortreding van die wet ontnem jou dan die reg tot die saligheid.

Jesus, die Seun van God, was as mens volkome gehoorsaam aan die wet. Wie in Hom en sy werke glo, word salig en word vrygespreek van oortreding van die wet. Die krag van sy boodskap is bevestig deur tekens en wonders. Ook die Heilige Gees het dit deur sy werke en sy gawes bekragtig.

Daar is geen twyfel oor wie Jesus is nie. Daar mag ook geen twyfel aan sy woorde wees nie, want Hy maak die saligheid bekend. Wie dié woorde nie vashou en bewaar nie, het geen ander hoop as die straf van God nie.

Sing: Psalm 40:3

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)